VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 2

21 APRIL 2020
HERDERSBRIEF #4B

Geliefde Gemeente,

Hierdie herdersbrief is 'n *vervolg* op gister se brief.

In gister se herdersbrief het ons ***14 tekste*** aangestip. Na aanleiding van hierdie tekste het ons twee belangrike aspekte in behandeling geneem. In hierdie brief volg – myns insiens – die mees belangrikste twee konsepte naamlik: **GEHOORSAAMHEID** en **EENHEID.**

- **GEHOORSAAMHEID**:

  Sonder gehoorsaamheid kan daar geen sprake van eenheid wees nie. *"The school of obedience"* deur *Dr. Andrew Murray*, is een van ons voorgeskrewe boeke aan die interne dissipels. Ek vra dus u aandag vir ***2 Kor. 10***.

  - ***Vers 3***: "*ons voer die stryd nie volgens die vlees nie".* D.w.s. verbale geweld – selfs fisiese geweld – behoort nie deel van geestelike oorlogvoering te wees nie. Dit is nie hoe hard jy skreeu nie. Elke keer wat Christus duiwels uitgedryf het, het Hy dit nie met 'n vuis gedoen nie. Nogtans word ek herinner aan 'n voorval wat hom in Eugene Marais hospitaal afgespeel het. Die pasiënt was met vêr gevorderde maagkanker in die hospitaal opgeneem. Tydens 'n besoek van sy pastoor, en die daaropvolgende gebed wat gedoen was, het die pastoor hom in sy maag met sy vuis geslaan en die maagkanker bestraf, as gevolg waarvan die persoon onmiddellik van maagkanker genees was.

  - In ***vers 6*** word ongehoorsaamheid en gehoorsaamheid aan ons voorgehou: *"en ons gereed hou om elke ongehoorsaamheid te straf wanneer julle gehoorsaamheid volkome is."* Niemand het die krag om enige ongehoorsaamheid te bestraf, indien die persoon in sy lewe, nie gehoorsaam is aan die leiding van die Heilige Gees nie. Dit is die konsekwensie en gepaardgaande voorwaarde: wanneer ons gehoorsaam is aan God, het ons die gesag en vrymoedigheid, om ongehoorsaamheid te bestraf.

    *Gehoorsaamheid* spreek van 'n gekwalifiseerde geloof, met die perspektief, dat ons God behaag – ***Heb. 11:6*** *"En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag;"* Dit spreek ook van liefde: die passie, die wil-strewe en die eenheid tussen my gees en Christus se Gees – ***1 Kor. 5:4,5*** *"in die Naam van onse Here Jesus Christus, as julle vergader het en my gees saam met die krag van onse Here Jesus Christus; om so iemand aan die Satan oor te lewer tot verderf van die vlees, sodat die gees gered kan word in die dag van die Here Jesus."*

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Dan, en dan alleen, het ek die gesag om ongehoorsaamheid te bestraf. Die gesag om elke gedagte gevange te neem tot die gehoorsaamheid aan Christus – ***2 Kor. 10:5***. Dit kan alleenlik realiseer wanneer my gehoorsaamheid volkome is. **ALMAL** word hiertoe geroep. **Ons gesag wat die Here ons gegee het**, stel ons hiertoe in staat – ***2 Kor. 10:8***.

Die eenheid tussen my gees en Christus se Gees, maak dit moontlik. ***Mark. 16:17*** *"in Sy Naam sal ons duiwels uitdryf".*

- **EENHEID**:

Dit, is wie God is. As ons bid vir God se teenwoordigheid, moet ons verstaan dat die konsekwensie daarvan is, dat eenheid voortspruitend sal wees. ***Matt. 18:20*** *"Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde."*

Kom ons let op die voorwaardes, asook die gevolge, van wat ons mag en kan vermag. ***Matt. 18:19*** bepaal die volgende *"As twee van julle **saamstem** op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val, van my Vader wat in die hemele is."* In sekere kerke is die vertolking van hierdie teks uiters humanisties, oppervlakkig en individualisties. Dit is nie 'n geval van: kry iemand om mee saam te bid – "let us stand in agreement" – en is die verwagting, daar sal dadelik aan my versoek en behoefte voldoen word, want dit is wat geskryf staan. Dit is **nié** wat geskryf staan nie. In die oorspronklike taal is die Griekse woord vir ***"saamstem"*** *sumphŏneŏ*: d.w.s. wanneer daar 'n simfonie tussen my en jou is, sal alles wat ons bind gebonde wees en alles wat ons ontbind sal ontbonde wees – ***Matt. 18:18***. Dit beteken: harmonie; eenstemmigheid en eenheid.

Ons moet verstaan en weet dat die volgende die essensie is van Jesus se bediening: in die eerste plek het Hy Sy Vader in alles gehoorsaam – ***Rom. 5:19*** *"Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word"* – ook in alles geraadpleeg – ***Joh. 8:28*** *"uit Myself doen Ek niks nie; maar net wat my Vader My geleer het, dit spreek Ek."* Dit is die rede waarom Jesus die storm op die see van Galilea stilgemaak het; Lasarus uit die dood opgewek het; duiwels uitgedryf het; die Fariseërs en Sadduseërs bestraf het: **JESUS HET EENHEID GEDEMONSTREER**. Dit is waarom Hy in die doderyk kon neerdaal en die sleutels van die dood Satan ontneem het en uiteindelik uit die dood opgestaan het. Dit is waarom Jesus kon sê: Satan het niks aan My nie – ***Joh. 14:30.*** Dit is waarvan Sy verhouding met Johannes gespreek het. Dit is waarvan hierdie bediening getuig.

Ons hoof opdrag en mandaat is om eenheid te demonstreer. Dit is waarom ons nie ***"mekaar"*** – in hulle afwesigheid – bespreek nie. Dit is waarom ons ook nie nuuskierig is nie en waarom ons geen behae in sensasie het nie. Dit is waarom ons God raadpleeg en nie ons eie pad volg nie.



15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Die sap van die Wynstok, is die produk van die parskuip. Glo ek nie, dit is toevallig dat 'n parskuip argeologies by die tuingraf ontdek is nie. Dit is ons wapen teen die duisternis. Dit is die bron van al ons voorsiening. Dit behoort die motief van leierskap te wees. Dit is in die **Gees van eenheid,** dat ons ons jeug en kinders werf vir die Koninkryk van Christus.

Ek wil afsluit met ***Rom. 6:16*** *"Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om Jesus gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie, òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?"*

Seënbede,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar



15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335